Hoera! Die Shekinah-kids kry hul eie plekkie.

Shekinah-Kids

Shekinah-kids beoog om die kinders van vandag op te lei in die Christin leefwyse. Sondae is Heilige Gees geïnspireerde lessies waar struikelblokke wat jongmense in hulle alledaagse lewens ervaar te identifiseer en te openbaar. Ons beoog om elkeen se situasies aan te hoor, hoe hulle die situasie hanteer en dan kyk ons na die Woord en wat die Woord sê oor die situasie en ten laaste identifiseer ons Bybels gegronde strategieë om die struikelblokke te hanteer en op te los wanneer dit opduik.

Die veilige omgee gemeenskap is gegrond op Jesus se liefde en om werklik vir jou naaste om te gee, te ondersteun en lief te hê volgens Matteus 22:39. Ons dra mekaar se laste volgens Galasiërs 6:2 en deel in mekaar se vreugde. Ons beoog om harte te kweek wat honger na die Woord en 'n verhouding met Jesus na te jaag. Ons bid saam, ons interpreteer Woord saam en ons loof die Here saam. In Lukas 18:16 moedig Jesus die mense aan om die kinders na Hom toe laat kom; dus by Shekinah-kids is dit vir ons 'n groot voorreg om die paadjie, na Jesus toe saam met die kinders te stap.

Baie geluk aan Simonique, Pieter en Tiaan met jul keuse om gedoop te word.

Rom 6:3-4 Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.

Shekinah Fellowship

'n Kerk vir die hele gesin. Waar regte wonderwerke elke Sondag gebeur!

I WILL GIVE TO YOU THE KEYS OF THE KINGDOM OF HEAVEN

Shekinah Glory Fellowship

Maart 2019

Berading:

Dr Frans, Dr Sariet, Past. Ilze en Alta is amptelike voltydse gekwalifiseerde Diepgaande Emosionele Terapie (DET) beraders in die KBN spreekkamers. Persone wat berading benodig kan 'n afspraak maak deur die KBN Ontvangs weeksdae 09h00-16h00 en Vrydae tot 12h00.

Tel: 012 547 6742 / 082 449 3096

SELGROEPE

Byeenkomste vind tans plaas elke Woensdag 07h00-8h30 by Shekinah. Daar sal aangekondig word waar en wanneer selgroepe na areas sal verskuif

Ons saai al ons dienste uit op Facebook.

Find us on: facebook

Shekinah Fellowship facbook skakel: (of vra skakel aan per Watsap)

https://www.facebook.com/568Holihockstraat/videos/1998683180219228/

SGF se Geloofsverklaring

Let wel SGF is nie gekoppel aan enige denominatiewe sienswyses of Paradigmatiese uitkyke nie.

- SGF is nie gekoppel aan enige denominasie nie
- SGF is 'n genootskap met strek Bybel gebaseerde waardes en norms wat geskoei is op die 1953 Bybelvertaling (Ou vertaling) om die ware kontekstuele openbaring en krag van die skrif na te streef.
- Ons glo in Wedergeboorte en Bekering Joh 3:1-6
- Ons glo in die vuurdoop om die Heilige Gees gawes vry te stel Luk 3:16, Hand 1:8, 2:4
- Ons glo in die sakramente van die Doop Hand 8:36, 37 & 38 en Nagmaal 1Kor 11:25
- Ons glo in die GROOT kommissie. Mat 28:19, Mat 10:8, Mark 16:17
- Ons glo in die 9 Heilige Gees gawes 1 Kor 12, 7 Motiverings gawes Rom 12:8 en Vyfvoudige bediening Efe 4:11, volgens die Bybel
- Ons glo dat die Vader, Die Woord (Jesus) en Die Heilige Gees een is, m.a.w. Die Drie-enige God 1Joh 5:7

SGF is 'n Geregistreerde kerk genootskap

Reg. No. 2015/390974/08

Dienste elke Sondag 9vm

VERSTREK JOU SELFOONNOMMER OM OP DIE **WATSAP** GROEP GEPLAAS TE WORD

Tiendes en offergawes

2Ko 9:7 Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief.

Alleenlik as die Here dit op jou hart plaas om by te dra tot Sy Koninkryk sal dit 'n seën vir jou, sowel as 'n seën vir die Kerk wees.

Vir tiendes en offergawes: Shekinah, FNB Tjek rek no: 625 737 679 47 tak:254005

Kontak ons

568 Holihock str Doornpoort PTA
012 547 6742 / 082 449 3096
Epos drfrans@keerpunt.co.za
www.shekinahglory.co.za